# Stellenberg Bybelskool



# Laat U Koninkryk kom!

**Augustus 2024**

**Ds. Marius Breytenbach**

## STELLENBERG GEMEENTE BELYDENIS

’n Gemeenskap van mense wat streef om nader aan God en mekaar te leef, uit te reik oor alle grense en voortdurend te vernuwe.

**ONS GLO:** ***Jesus, ons Verlosser, leef***

- In die een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
- In Christus, wat deur die geloof en uit genade ons Verlosser is.
- In die Bybel: die Woord van God in mensetaal.
- In die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

**ONS STREEF:** ***Om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense heen uit te reik***

- Na mekaar in ons geloofsgemeenskap.
- Na mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap.
- Na mense in ons land en die res van die wêreld.
- Na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.

**ONS LEEF:** ***As getuies en volgelinge van Christus***

- Nader aan God.
- Nader aan mekaar.
- Om ’n verskil in die wêreld te maak.
- Om voortdurend te vernuwe.



## SESSIE 1
## Laat U Koninkryk kom!

Na afloop van Paas en Pinksterfees vier ons in die kerkjaar Koninkrykstyd. Dit is 'n tyd waarin gelowiges bewustelik nadink oor God se heerskappy en dit wyse waarop God ons roep om vandag daarvan deel te wees. Die reeks loop nou saam met ons kwartaal tema in die Stellenberg gemeente: om met 'n verskil in ons hede te leef.

Wat is God se Koninkryk? Is dit 'n fisiese of geestelike realiteit? Wie is deel van God se Koninkryk? Is dit iets wat nou reeds hier is of iets wat ons op wag? Is dit bekend of versteek? Hoe is dit vandag van toepassing op ons lewens?

Skryf 'n paar van jou eie gedagtes oor die konsep van God se Koninkryk neer:

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

In die baie bekende Ons Vader gebed leer Jesus ons bid: "Laat U Koninkryk kom, laat U wil op aarde geskied net soos in die hemel". Met watter gesindheid bid ons hierdie gebed?

Die woorde daarvan troos, dit laat jou veilig voel. Dit verwoord die verwagting dat God met Sy almal in die chaos en onsekerheid van die hede en toekoms sal deurbreek om vir ons 'n nuwe en beter uitkom (Koninkryk) oop te breek. In hierdie opsig sou dit ons kom oproep om in die midde hiervan met geloof te volhard met die verwagting dat God vorentoe iets groot gaan doen. Maar, daar is 'n ander verrassende kant van die gebed wat ons spesifiek in die komende weke gaan verken, naamlik dat die Onse Vader gebed ons tot aksie en gehoorsaamheid oproep. "Laat U Koninkryk kom", verwoord ook die bereidwilligheid om in ons hede deur God

gevorm word om prakties God se wil te realiseer. Dit is 'n gebed wat ons wil inspireer om God se wil te onderskei om vandag met 'n verskil in hierdie wêreld te leef.

Jesus se baie bekende woorde in Matteus 6:31-33 kom onderstreep hierdie gedagte.



Lees Matteus 6:31-33. Wat vra Jesus mense in hierdie gedeelte? Wat is die belangrike skuif wat Jesus by ons wil bring?

..................................................................
..................................................................
..................................................................
..................................................................
..................................................................
..................................................................
..................................................................

"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?'' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee".



Ons Vader wat in die hemel is, laat  u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.
Gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree;
en laat ons nie in die versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose,
want aan u behoort die koninkryk, die krag en die heerlik,
tot in alle ewigheid
AMEN

Hoe laat ons die koninkryk van God kom? Hoe laat ons God se wil geskied en heilig ons Sy naam?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................

**Die konsep van 'n koninkryk**



'n Koninkryk 'n regeringstelsel of staatsvorm waarin 'n staatshoof (Koning) 'n lewenslange posisie oor 'n geografiese gebied (Ryk) beklee. Wanneer die Bybel dus die woord koning en ryk gebruik geskied dit teen die agtergrond van hierdie definisie waarmee gewone mense in die Bybelse tyd goed mee kon identifiseer. Dit was met ander woorde 'n metafoor wat met gelowiges gepraat het oor hoe God vandag heers en regeer. Die inhoud wat die Bybel daaraan gee was egter in sterk kontras met die konings en koninkryke van hulle hede.

Ou Testament:

> Die begrip 'Koninkryk van God' kom interessant genoeg nie in die Ou Testament voor nie. Daar word slegs na God as koning verwys en die wyse waarop Hy regeer. Ek vermoed dat Christene in die lig van die Ou Testament dit nog baie sterk verbind aan die belange van die koninkryk van Israel. Ook dat sommige in die lig van die huidige politieke situasie in Israel sterk verwagtinge koester. Die Ou Testament se boodskap oor God se soewereine heerskappy is egter verrassend anders.



Lees Psalm 22:29, 103: 19 asook Psalm 145. Oor wie regeer God en hoe regeer Hy?

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.....................................................................................................................

Nuwe Testament:

Die begrip 'Koninkryk van God/hemel' is uniek tot die Nuwe Testament en word die eerste keer in Jesus se prediking aangetref. Waarom sou Jesus kies om hierdie spesifieke metafoor te gebruik? Wat dink jy was die impak daarvan op die mense wat na Hom geluister het?

.......................................................................................................................
.......................................................................................................................
.......................................................................................................................
.......................................................................................................................
.......................................................................................................................
.......................................................................................................................
.......................................................................................................................
.......................................................................................................................

In die wêreld van die Ou en Nuwe Testament was almal se lewens deur die realiteit van konings en hulle ryke bepaal. Alhoewel ons gewoond geraak het om die begrip in 'n godsdienstige konteks te gebruik, is dit nie 'n begrip waarvan ons vandag in 'n demokratiese bestel eerstehands van kennis dra nie. In die eerste twee sessies gaan ons ondersoek instel na Bybelse getuienisse oor God se heerskappy in die Ou Testament. Dit gaan ons baie help om die fyn nuanses wat agter die Bybelse teks verskuil lê en die impak wat dit op die hoorders van daardie tyd gehad het beter uit te lig. Dit gaan 'n groot verskil maak as ons dan in die opvolgende sessies op Jesus se bergpredikasie in Matteus 5-7 gaan fokus waarin dit die kern van Jesus se prediking uitmaak.

Wat is die indrukke wat hierdie week se sessie jou by uitgebring het?



.............................................................................................................................
.............................................................................................................................
.............................................................................................................................
.............................................................................................................................
.............................................................................................................................



Huiswerk vir volgende week se sessie:
Lees 1 Samuel 8. Kyk ook na die gedeelte vanaf 1 Samuel 8-31.

**SESSIE 2**

**Die storie van die Koning, sy Ryk en ons 'daaglikse brood'**



'n Oorsig van sessie 1:

- Die koninkryk van God verwys na God se HEERSKAPPY OOR ALLES in die skepping en oor tyd.
- Die oproep om God se koninkryk te soek (Matteus 6), is 'n oproep tot GEHOORSAAMHEID. Dit wil ons inspireer om God se wil in ons hede te onderskei, om so met 'n verskil in ons wêreld te te leef. Die gebed: Laat U koninkryk kom verklaar ons persoonlike bereidwilligheid om God se wil te soek en daardeur verander te word.
- Dit maak in ons 'n ROEPING los om met 'n ander gesindheid in ons hede te leef (Jesus wat in Matteus 6 op 'n berg met mense praat en hulle daarna aanmoedig om na dieselfde omstandighede terug te keer om ander daarin te leef). Hoe raak dit vandag die gesindheid waarmee ons in die wêreld leef?

Leer uitkomste van sessie 2:

- Wat is die beginsels agter die konsep van 'koninkryk' waarmee mense in die Ou en Nuwe Testament geleef het.
- Waar kom die koninkryk van Israel vandaan?


Waarom kies Jesus om die begrip 'koninkryk van God' te gebruik?

Daar is baie sterk nuanses in Jesus se prediking rakende die koninkryk van God wat ek dink ons nie vandag raaksien nie, omdat ons in 'n demokratiese bestel leef wat baie verskil van die leef omstandighede van die Bybel se monargale stelsel van konings en koninkryke. In hierdie sessie gaan ons probeer om by die kern beginsels agter die ontstaan van koninkryk uit te kom. In die daaropvolgende sessies gaan ons ondersoek instel hoe dit in die tyd van koning Dawid, Josia en Jesus uitgespeel het.

**Die wêreld se eerste koninkryke en die beginsels daaragter**

Gemeet aan die groter geskiedenis van die mensdom is koninkryke verrassend 'n baie onlangse verskynsel. Vir die grootste deel van die mensdom se bestaan was daar nie koninkryke nie. Vir honderde duisende jare het mense reg oor die wêreld as jagter versamelaars op gelyke vlak met mekaar saamgeleef. Kos, natuurlike hulpbronne en landskappe is gemeenskaplik gedeel en niemand het die uitsluitlike besitreg daaroor gehad het nie. Hierdie bestaan patroon is sowat 10 000 jaar vC deur omgewings omstandighede verander.

Die term koninkryk is gebruik om uitdrukking te gee aan die bestaan van 'n monargie. Dit verwys met ander woorde na 'n regeringstelsel of staatsvorm waarin 'n staatshoof (Koning) 'n lewenslange posisie beklee en oor 'n geografiese gebied regeer (Ryk).




- Na die afloop van die laaste Ystydperk (sowat 12 000 jaar voor Christus) het warmer omgewings toestande mense se lewens ingrypend verander. In die omgewing van die Ou Nabye Ooste het jagter versamelaars skielik graan (wat vir die eerste keer wild opgekom het) as voedselbron begin gebruik.
- Dit is oor tyd gemanipuleer (domestiseer) om aangeplant te word en dit het onnodig geraak om voortdurend net agter wilde diere te migreer om kos in die hande te kry. Diere is ook in hierdie tyd vir die eerste keer mak gemaak om as voedselbron gebruik te word asook hulpmiddel in die landbou. Hierdie lewens

verskuiwende transisie waarin mense vir die eerste keer in geografiese areas vergader het,  genoem die landbou revolusie (Neolitiese revolusie), het gelei tot die stigting van die wêreld se eerste beskawings (dorpe/stede). Gobleki Tepe en Catalhoyuk in Turkey is 'n voorbeeld van hierdie transisie.




- As gevolg van die landbou revolusie is grondgebied is vir die eerste keer afgebaken en het die konsep van besitreg ontstaan.
- 'n Oorproduksie van kos het gelei tot die stigting van markte waarin die surplus nou vir 'n ekstra inkomste verkoop kon word. Dit het om die beurt gelei tot die behoefte om kos bronne (landskappe) te beskerm, asook om areas van voedselproduksie uit te brei (oorlog). Hiervoor was 'n sentrale vorm van bestuur onontbeerlik en die gevolg was dat 'n gesaghebbende persoon (koning) aangewys is om oor 'n geografiese gebied (ryk) te heers en waarvan 'n weermag die belange daarvan beskerm het. Die onderdane van elke koninkryk het aan die koning 'n belasting betaal om die organisering van die koninkryk te finansier. En die res is geskiedenis! Op soortgelyke wyse bou ons almal vandag nog selfs in 'n demokrasie aan ons eie koninkryke!




Die landbou revolusie het in die gebied van die "vrugbare reënboog" (sien kaart hierbo waar graan die eerste keer opgekom en verbou is) gelei tot die ontstaan van wêreld se eerste beskawings.

**Wat is 'n beskawing?**

'n Beskawing (*civilization*) is enige komplekse samelewing gekenmerk deur stedelike ontwikkeling, sosiale stratifikasie, simboliese kommunikasievorme (gewoonlik skryfstelsels), en die waargenome skeiding van en heerskappy oor die natuurlike omgewing deur 'n kulturele elite. Histories was 'n *beskawing* 'n sogenaamde "gevorderde" kultuur in teenstelling met sogenaamde meer primitiewe kulture. As 'n nietelbare naamwoord verwys *beskawing* ook na die proses van 'n samelewing se ontwikkeling tot 'n gesentraliseerde, verstedelikte, gestratifiseerde struktuur. Beskawings word in digbevolkte nedersettings gegroepeer en in hiërargiese sosiale klasse verdeel, met 'n heersende elite en ondergeskikte stedelike en landelike bevolkings wat by intensiewe landbou, mynbou, kleinskaalse vervaardiging en handel betrokke is. Beskawings sentraliseer mag en oefen menslike beheer oor die res van die natuur, insluitend ander mense uit (Wikipedia)




Kyk na die volgende video greep op *You Tube* waarin die opkoms en ondergang van koninkryke op 'n kaart uitgebeeld word.

https://youtu.be/oys6EQtpCJk?si=bd19GVbhlUBeSWv_

Met watter indruk los die verhaal oor die totstandkoming van koninkryke jou? Kan jy 'n paar voordele, probleme en uitdagings uitlig wat dit gebring het?

Voordele:

...........................................................................................................................

...........................................................................................................................

...........................................................................................................................

...........................................................................................................................

Uitdagings en probleme:

...........................................................................................................................

...........................................................................................................................

...........................................................................................................................

...........................................................................................................................


**Gee ons vandag ons daaglikse brood. Israel se eerste koninkryk**

**Lees Deuteronomium 8:2-4, 10:16-19 asook  Matteus 6:11**

Die oorgang van jagter versamelaars, na samelewings/beskawings wat hoofsaaklik uit landbouers, veeboere en stedelinge bestaan het wêreld wyd organies teen verskillende tempo's ontwikkel. Ons eie Ou Testament en die totstandkoming van Israel se eerste koninkryk pas op 'n baie interessante manier hierby in.

**Die Ou Testament se konings en koninkryke (1 & 2 Samuel, 1 & 2 Konings)**

Die storie van die Ou Testament in die Bybelboek van Rigters na 1 & 2 Samuel en 1 & 2 Konings vertel van hulle transisie van veeboere na landbouers (sien die kaarte hieronder).


ISRAEL
Topographical map of
Central Mountain Range and
Northern Galilee Region.
Mediterranean Sea
LEBANON
BEQAA
ANTI-LEBANON
Litani
2814
1204
70
UPPER GALILEE
1208
HAURAN
210
Sea of
Kinneret
Plain
of Acco
546
LOWER GALILEE
588
Tabor
Carmel
Valley of Jezreel
Transjordanian Plateau
Jordan Valley
1247
881
Central Mountains
Coastal Plain
1016
821
802
-400
1019
Dead Sea
1065
NEGEV
ARABAH
0 10 20 30 40 50 60 km
0 10 20 30 40 miles




source: Holman Bible Atlas

**Lees 1 Samuel 8:4-21**

Wat het hier gebeur? Waarom soek die oudstes van Israel 'n koning?

.............................................................................................................................
.............................................................................................................................
.............................................................................................................................
.............................................................................................................................

Al die verhale in die res van die Ou Testament na die totstandkoming van Israel se eerste koninkryk geskied teen die agtergrond van die volgende herhalende siklus:

- **Die droom**: Die droom/hoop/geloof van 'n koning wat voorspoed en sekuriteit sal bring. Die ideaal is gekoester dat die vestiging van 'n eie koninkryk hulle kulturele, godsdienstige en ekonomiese belange sal bevorder. God is aan ons kant.
- **Die plan**: Die vorming van koalisies met ander koninkryke om die voortbestaan van hulle eie koninkryk te verseker.
- **Die uitkoms**: Interne chaos. Die bou van die koninkryk bring verdeeldheid onder mense en verarm 'n deel van die samelewing. Reg deur die Ou Testament waarsku vele profete oor sosiale onreg.

**SAUL (1 Samuel)**

word as die eerste koning van Israel gekroon (1020-1004 vC).

**DAWID (2 Samuel)**

vestig die eerste koninkryk wanneer hy Jerusalem inneem (1004-965 vC).`

**SALOMO (1 Konings)**

koppel die koninkryk aan God se heilige teenwoordigheid en bou in Jerusalem die eerste tempel (965-928 vC). Onmin oor die bou van Salomo se koninkryk wat verband hou met die finansiering daarvan asook gedwonge arbeid lei tot die skeuring van die koninkryk in twee aparte koninkryke: Die Noordelike koninkryk van Israel met Samaria as hoofstad (kom in 722 vC tot 'n einde) en die Suidelike koninkryk van Juda met Jerusalem as hoofstad (kom in 586 vC tot 'n einde).

## The Chronology of the Kings of Judah and Israel

**The United Monarchy**

| | |
|---|---|
| Saul | c. 1020-1004 BC |
| David | 1004-965 |
| Solomon | 965-928 |

| **Judah** | | **Israel** | |
|---|---|---|---|
| Rehoboam | 928-911 | Jeroboam | 928-907 |
| Abijam | 911-908 | Nadab | 907-906 |
| Asa | 908-867 | Baasha | 906-883 |
| Jehoshaphat | 867-846 | Elah | 883-882 |
| Jehoram | 846-843 | Zimri | 882 |
| Ahaziah | 843-842 | Timri | 882-878 |
| Athaliah | 842-836 | Omri | 882-871 |
| Joash | 836-798 | Ahab | 871-852 |
| Amaziah | 798-769 | Ahaziah | 852-851 |
| Uzziah | 769-733 | Jehoram | 851-842 |
| Jotham | 758-743 | Jehu | 842-814 |
| Ahaz | 733-727 | Jehoahaz | 814-800 |
| Hezekiah | 727-698 | Jehoash | 800-784 |
| Manasseh | 698-642 | Jeroboam | 784-748 |
| Amon | 641-640 | Zechariah | 748-747 |
| Josiah | 639-609 | Shallum | 748-747 |
| Jehoahaz | 609 | Menahem | 747-737 |
| Jehoiakim | 608-598 | Pekahiah | 737-735 |
| Jehoiachin | 597 | Pekah | 735-733 |
| Zedekiah | 596-586 | Hoshea | 733-724 |

**Wanneer Jesus vir die eerste keer sy bediening begin, leef Jode in die verwagting van die koms van die Messias wat weer Dawid se koninkryk sal herstel en Israel se dominansie in die Ou Nabye Ooste sal bewerkstellig.**

Wat is die indrukke wat hierdie week se sessie jou by uitgebring het?



.................................................................................................................................
.................................................................................................................................
.................................................................................................................................
.................................................................................................................................
.................................................................................................................................

Huiswerk vir volgende week se sessie:



- Dawid se koninkryk. Lees 2 Samuel 5 & 6
- Josia se koninkryk. Lees 2 Konings 22-23:30 asook 2 Kronieke 35:20-27.
- Lees Amos 5:21-27 en Miga 6:6-9.

## SESSIE 3. Koning Dawid en Josia



Oorsig van sessie 2:

- Die ontstaan van die wêreld se koninkryke was die gevolg van mense wat op 'n nuwe manier in die wêreld begin leef het waarin kosvoorsiening, veiligheid, wins, status en die vermeerdering van bates 'n belangrike rol gespeel.
- Wanneer Jesus kies om met mense oor die Koninkryk van God (God se heerskappy) te praat, kontrasteer hy dit met die beginsels van die koninkryke waarin hulle leef.

Leeruitkoms van sessie 3:

Reg deur die Ou Testament was daar baie konings wat oor Israel en Juda regeer het. Ek het gekies om vandag twee Bybelse koninkryke uit te lig wie se sukses baie bekend was, maar ten spyte daarvan misluk het. Vandag se sessie gaan jou 'n dieper insig gee in die Bybelse gedeeltes oor koning Dawid en Josia en hulle geskiedenis.

**Koning Dawid**

Wat is jou perspektief van die Bybelse karakter Dawid? Ek vermoed dat die meeste mense onmiddellik aan die insident dink toe Dawid wat tot Israel se redding gekom het deur die reus Goliat die Filistyn te verslaan. Die gebeurtenis het Michelangelo geïnspireer tot die skep van die indrukwekkende Dawid beeld wat vandag in Florence in Italië staan.

Dawid het in geskiedenis bekend geword as die koning wat Israel se eerste fisiese koninkryk gebou het toe hy die stad Jerusalem van die Jebusiete ingeneem het. Sy koningskap en koninkryk het sedertdien die verbeelding van gelowiges aangegryp en die verwagting gekweek dat daar weer eendag iemand soos Dawid tot Israel se redding sal kom. Hierdie persoon sou die beloofde Messias wees. Wanneer die

Nuwe Testament met Matteus 1 met Jesus se geslagsregister begin lees ons in vers 1 die volgende: "Die geslagsregister van Jesus Christus, Seun van Dawid, die Seun van Abraham".

Daar is egter twee verskillende verhale en beoordelings van Dawid se lewe in die Bybel:


- Die Kronis se weergawe (1 Kronieke) wat sy lof as koning besing en roem op sy suksesse.
- Die Deutronomis se weergawe (1 Samuel) wat nie skroom om Dawid se foute en sondes uit te wys nie.
- Watter een van hierdie weergawes dink jy is vandag vir gelowiges die bekendste? Ons gaan in vandag se sessie na die Deutronomis se weergawe kyk.

'n Kort oorsig oor die totstandkoming van Dawid se koninkryk.

Israel kon nooit polities en ekonomies op gelyke voet met die groot koninkryke van die Ou Naby Ooste soos Egipte, Babilonië, die Hittiete en Assiriërs meeding nie. Hulle was nooit regtig 'n gerekende wêreldmag in die Ou Naby Ooste nie. Hulle geografiese ligging tussen die koninkryke van Egipte aan die een kant en Babilonië en Assirië aan die ander, het hulle egter belangrik gemaak. Wie ook al die land besit het, het 'n groot handelsvoordeel in die Ou Nabye Ooste gehad.

Die opkoms van Dawid se koninkryk rondom 1000 vC het onder die volgende unieke omstandighede tot stand gekom:

1. Na afloop van die Laat Brons Era (1200 vC) (lees meer oor die *Late Broze Age collapse* op die internet) het daar skielik 'n magsvakuum in die Ou Naby Ooste ontstaan waarin kleiner koninkryke die geleentheid gehad het om hulle eie magsbasis en grondgebied uit te brei. In die Ou Naby Ooste was kleiner koninkryke gewoonlik onderdane van die groter koninkryke wat met mekaar meegeding het. Dit is in hierdie konteks dat Dawid besluit om Jerusalem in te neem en vanwaar hy baie suksesvol sy koninkryk verder gebou en uitbrei het (let wel dat hy nie die tradisionele Hebron as hoofstad kies nie).




2. Die uitbreiding van Dawid se koninkryk het hom gou in konflik gebring met kleiner naburige koninkryke (Filistyne, Amoriete, Moabiete, Amelakiete en Edomiete). Lees meer oor Dawid se oorloë teen hulle in 2 Samuel 8-10. Sy oorwinnings oor hierdie nasies is presies wat Israel leiers verwag het toe hulle in 1 Sam. 8 vir Samuel gevra het om 'n koning oor hulle aan te stel. Dawid was bekend vir sy militêre vaardighede en was selfs as huursoldaat in diens van die Filistyne (1 Samuel 27).




Die manier waarop die Deutronomis kies om Dawid se lewensverhaal te vertel (2 Sameul weergawe) kommunikeer 'n unieke boodskap waarvan die betekenis implisiet in die teks ingebou is. Wat is die indruk wat dit op jou maak?

Lees 2 Samuel 6.
Wat was Dawid se strategie toe hy die ark van God in Jerusalem inbring het?

............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................

Lees 2 Samuel 11, 13 en 15. Let wel dat nie een van hierdie verhale in 1 Kronieke se weergawe van Dawid se lewe vertel word nie. Wat was die impak van hierdie gebeure op Dawid se lewe? Wat wil die skrywer met sy vertelling ons van bewus maak?

............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................

Lees 2 Samuel 15:13-32.

............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................
............................................................................................................................

Die Dawid van waarmee 2 Samuel begin en eindig was nie dieselfde persoon nie. Vergelyk die karakter van die singende Dawid van 2 Samuel 6 wat met groot verwagtinge (sy eie verwagtinge) voor die Ark van God dans met die kaalvoet en huilende Dawid wat in 2 Samuel 15 vir sy lewe uit Jerusalem vlug.


| **LOFLIED**<br>**2 Samuel 6:5** | **KLAAGLIED**<br>**2 Samuel 15:30** |
|---|---|
| Dawid en die hele Israel het uitbundig voor die ark van die Here gedans, begelei deur liedere, liere, harpe, tamboeryne, ratels en simbale | Dawid het die Olyfberg huil-huil uitgeklim en as teken van sy droefheid was sy kop toegemaak en hy het kaalvoet geloop. Almal wat by hom was, het ook hulle koppe toegemaak en huil-huil die helling uitgeklim |

Wat is die indrukke waarmee die storie van Dawid se koninkryk jou laat?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................

**Koning Josia (639 vC).**

Tussen koning Dawid en koning Josia het 'n periode van ongeveer 370 jaar verloop. Dawid se koninkryk het onder die druk van swaar belastings, uitspattigheid en dwangarbeid met koning Salomo se bewind in twee gekeur. In 722 is die Noordelike koningryk van Israel deur die Assiriërs ingeneem. 'n Gedeelte van die inwoners is na Assirië weggevoer terwyl die res na die Suidelike koninkryk van Juda (Jerusalem) gevlug het.




Josia se aanstelling as koning was die hoogtepunt van Israel se monargale geskiedenis. In 2 Konings 23:25 word die lof van Josia besing en hy word beskryf as iemand wat God met toewyding gedien het. Sy koninkryk het egter net soos sy voorgangers tot dieselfde ontnugterende einde gekom. Inteendeel dit het die begin van Juda se uiteindelike einde ingelei. Wat was die rede?

**Daar was nie voor hom (Josia) nog so koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die Wet van Moses nie, en ná hom was daar ook nie so 'n koning soos hy nie. 2**

**Konings 23:25**

**We are going to make Israel great again!**

Die herhalende mislukkings van die afgelope 370 jaar sedert koning Dawid het die godsdienstige leiers in die Koninkryk van Juda diep laat nadink oor die oorsaak van hulle ellende. God se waarskuwings oor die implikasies van 'n koninkryk (1 Samuel 8) het uiteindelik tot hulle deurgedring. Dit het 'n hervormings beweging (Deutronomistiese geskiedskrywinge) tot gevolg gehad waarin die volk se geskiedenis krities her-interpreteer is, sodat gelowiges uit die lesse van die verlede kon leer. Dit het uit die volgende Bybel boeke bestaan: Josua, Rigters, 1-2 Samuel

en Konings asook Jeremia. Dawid se verhaal in 1 en 2 Samuel wat ons sopas gelees het is 'n goeie voorbeeld hiervan.


Josia se hervormings beweging het uit twee komponente bestaan:

1. 'n Godsdienstige hervorming komponent waarin gelowiges begelei is om hulle opnuut weer aan God toe te wy. Lees 2 Konings 23:1-25.
2. 'n Politieke komponent. Met God aan hulle kant kon hulle weer die verlore grondgebied van die Noordelike koninkryk verower en weer Dawid se koninkryk laat herleef (onthou dat die Noordelike koninkryk in 722 vC verlore gegaan het toe dit deur die Assiriërs vernietig is). Daar word baie kortliks in 2 Konings 23:28-30 daarna verwy.

Ten spyte van koning Josia se godsdienstige hervorminge het hulle op 'n uitkoms afgestuur wat gelowiges sprakeloos gelaat het. Die verhaal van Josia se veldtog teen koning Neko en sy tragiese dood is iets wat gelowiges vandag oor diep moet besin. Wat het hier gebeur?

Die val van Koning Josia se koninkryk moet weereens teen die breër agtergrond van gebeure in die Ou Nabye Ooste, waarin God skielik op 'n verrassende wyse verskyn, verstaan word. In die tyd van Josia se grootword jare het Egipte skielik weer as gerekende wêreld mag in die Ou Nabye Ooste na vore getree. Op daardie stadium was die Ou Nabye Ooste deur die Assiriese koninkryk beheer (sien die kaart hieronder), maar die mag van die Babiloniese ryk was aan die groei.

Die Egiptiese koning Neko het in koalisie met die Assiriërs sy weermag opgeroep om teen die Babiloniese koning (Nebukadneser II) in Karkemis oorlog te voer. Op pad hierheen het hy deur die grondgebied van Josia se grondgebied getrek. Josia besluit om na Megiddo op te trek waar hy in 609vC in die veldslag sy lewe teen koning Neko verloor. Wat maak koning Josia in Megiddo? Waarom het hy teen koning Neko oorlog gevoer? Die antwoord is dat hy weer die verlore grondgebied van koning Dawid wou herwin om sy eens magtige koninkryk te laat herleef.




Daar is twee verskillende weergawes van koning Josia se dood:

Lees 2 Konings 24:29-30.

Lees 2 Kronieke 35:20-26. Wat is die indrukke waarmee die storie jou laat? Waar is God se koninkryk besig om deur te breek?

Habbakuk het in die afloop van hierdie omstandighede sy profesie geskryf. Waar is God se koninkryk in die midde van die chaos van die Ou Nabye Ooste?

........................................................................................................................
........................................................................................................................
........................................................................................................................
........................................................................................................................
........................................................................................................................




Huiswerk vir volgende week se sessie:



- Jesus se gelykenisse oor die koninkryk van God. Lees Matteus 13.

## SESIE 4. Jesus se gelykenisse oor die koninkryk van God



Oorsig van sessie 3:


Vanuit die verhale van koning Dawid en Josia waarmee ons verlede week besig was, kom daar twee perspektiewe rakende die wyse waarop God heers en regeer. God se koninkryk is deel van die groter kosmos waarin ons leef. Te midde dat dit vir ons moeilik is om dit te verstaan, vra dit van ons om in hierdie lewe bedagsaam voor God te leef (Miga 6:8) Lees ook wat Paulus in Romeine 11:33-36 hieroor sê. In die midde van koning Josia se godsdienstige toewyding het hy nie hiermee rekening gehou nie en as gevolg daarvan sy koninkryk verloor. Aan die ander kant is God se heerskappy iets wat ook in ons binneste gebeur. Die verhaal van beide koning Dawid en Josia getuig dat God ons by die vermoë uitbring om dit te kan onderskei.

> Romeine 11:33-36
> O diepte van die rykdom en die wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë. Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee hom raad? Wie bewys Hom 'n guns dat Hy verplig is om iets terug te doen? Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

Leeruitkomste van sessie 4:

In die volgende twee sessies gaan ons fokus op geleenthede waar Jesus wel gelowiges by die plek bring om God se wil te onderskei en dit aktief na te volg. Dit is baie interessant dat Jesus ten spyte van die groot klem wat in die Joodse godsdiens op wette gelê is (gehoorsaamheid van die Wet van Moses), eerder gekies het om deur gelykenisse met mense te praat en hulle te leer (Mat. 13:34). In hierdie week se sessie gaan ons dus saam 'n paar gelykenisse in Matteus 13 lees.

Die dorpie Nasaret, waarin Jesus grootgeword het, was vir twee redes belangrik. Dit het oor die vrugbare Jisreel vallei uitgekyk (dieselfde vallei waar koning Neko in die vlakte van Megiddo vir koning Josia in 609 vC verslaan het). Die hoof handelsroete wat Egipte met die res van die Ou Nabye Ooste verbind het, het duskant Nasaret verbygeloop en grootliks tot die omgewing se kosmopolitiese karakter bygedra. Tweedens was Nasaret ses kilometer weg van Sepphoris, die plek waar waarvan Herodes Antipas oor die gebied regeer het. Jesus en sy familie was deel van 'n groot klas van Joodse werkers wie se bestaan afhanklik was van die nabygeleë handelsroete en werksmag wat koning Herodes benodig het.








Min of meer in dieselfde tyd toe Herodus Antipas sy paleis van Sepphoris na Tiberias skuif, verhuis Jesus van Nasaret na Kapernaum en begin amptelik sy bediening. Jesus se klem was op een tema: Die boodskap van God se koninkryk en dat dit naby aan mense gekom om dit te kan onderskei en daaruit te leef.



Lees Matteus 13:13-15 asook 34-35. Waarom kies Jesus om eerder in die openbaar deur gelykenisse met mense oor God se heerskappy te praat eerder as deur die Wet van Moses in hulle sinagoges?

.....................................................................................................................
.....................................................................................................................
.....................................................................................................................
.....................................................................................................................

Biblical parables

A biblical parable is a simple, allegorical story used by Jesus in the New Testament to convey spiritual and moral lessons. These stories typically feature common, everyday scenarios or characters, such as farmers, shepherds, or merchants, making them relatable to the audience. Parables are designed to illustrate deeper truths about God's kingdom, human behaviour, and ethical principles, often with a surprising or thought-provoking twist at the end (ChatPpt).


'n Paar belangrike beginsels wat ons in ag moet neem wanneer ons die gelykenisse lees:

- Jesus het gekies om alledaagse ervarings, waarmee alle mense kon identifiseer, te gebruik om komplekse probleme en situasies vir hulle oop te breek. Die meeste voorbeelde kom uit die landbou. Dink weer aan sessie 2 waarin klem gelê is op belangrikheid van die landbou en die wyse waarop dit samelewings beïnvloed het. Kan ons vandag steeds met hierdie voorbeelde/simbole identifiseer? Weet kinders vandag van saai, koring en suurdeeg?
- Die meeste kere het Jesus nie sy gelykenisse uitgelê nie. Mense moes dit self in die lig van alledaagse ervarings die betekenis onderskei waar hulle in die lewe met kwessies geworstel het. Dit het mense gelei na 'n dieper vlak van bewussyn wat deur hulle eie waarhede, gesindhede en optredes gebreek het.
- Dit het altyd mense geïnspireer om op ander maniere in hulle hede te leef.

**Hoe is die Heilige Gees op 'n soortgelyke besig om ons vandag in die alledaagse gebeure tot dieper insigte en response te lei? Wat is die indruk wat dit op jou maak?**

.........................................................................................................................
.........................................................................................................................
.........................................................................................................................
.........................................................................................................................
.........................................................................................................................

**Die gelykenis van die saaier. Matteus 13:1-23**



Wat is die indruk wat hierdie gelykenis op jou maak? Wat sê dit oor die manier waarop God saai en die wyse waarop mense daarop reageer?

DIE PAD ...
ons hoor die boodskap maar verstaan dit nie.

DIE KLIPBANK ...
ons hoor en verstaan die boodskap, maar gee dit nie geleentheid om te groei nie.

DIE ONKRUID ...
ons hoor, verstaan en groei, maar laat toe dat bekommernis ons oorweldig om daarop te reageer.

DIE GOEIE GROND ...
ons laat die boodskap vrug dra. Hoe praat die Here met jou deur hierdie gelykenis? Wat vra dit jou om te onderskei?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

**Die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Matteus 13:24-30.**



In Matteus 13:36-43 vra Jesus se dissipels hom om die gelykenis vir hulle uit te lê.

Daar word weer eens klem gelê op God se saailand wat die wêreld. God se genade is nie net gereserveer vir 'n groepie gelowiges wat uit verdienste geseën word nie. In Matteus 5:45 verkondig Jesus dat God die son laat opkom en dit laat reën oor beide die goeies en slegtes.

Wat is die respons wat hierdie gelykenis in jou losmaak?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................

**Die gelykenis van die mosterdsaadjie en die suurdeeg. Matteus 13:31-33.**



Volgens die Joodse wette (Rabbynse Judaïsme) was mense verbied om mosterdsaad in hulle tuine te plant. Dit was 'n geharde onkruid wat alles oorgeneem het. Eerder as 'n boom het dit 'n baie digte bos gevorm wat mense van kosbare landbougrond in hulle tuine ontneem het. Mosterdsaad het in die onmoontlikste plekke opgekom en kon sonder enige versorging baie welig gegroei.

Waarom sou Jesus dus kies om die koninkryk van God met 'n groei van 'n mosterdplant te vergelyk? Wat is die indruk wat hierdie gelykenis tesame met die gelykenis van die suurdeeg op jou maak?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................

Huiswerk vir volgende week se sessie:



- Lees Matteus 5-7.

**SESSIE 5. Die koninkryk van God het naby gekom**



Oorsig van sessie 4:
Toe Jesus amptelik sy bediening in Galilea begin het, het Hy met mense oor een tema gepraat: God se koninkryk wat naby aan hulle gekom het (Matteus 4:17). Wat het die Jode in Galilea gehoor toe Jesus die aankondiging maak? Baie het waarskynlik iets soos die herstel van Dawid se eertydse koninkryk verwag wat hulle van Romeinse oorheersing sou verlos. Hulle het verwag dat God op een of ander manier deur in hulle omstandighede sou ingryp om 'n koninkryk om hulle tot stand te bring. Wat hulle nie verwag het nie was dat Jesus hulle sou roep om die agente van verandering te wees. Jesus se gelykenisse wou hulle by hierdie plek van ontdekking uitbring en die punt maak dat God se ryk baie anders is as dié aardse koninkryke wat hulle geken het.


Leeruitkomste van sessie 5:
Jesus se preke in Matteus 5-7 (Bergpredikasie) is 'n reeks praktiese riglyne waarin hy gelowiges toerus om 'n wêrelde verskil te kan maak. Jesus se gelykenisse het gelowiges aangespoor om hulle perspektief op God se koninkryk te verander. Die Bergpredikasie het hulle nog 'n stap verder gevat: Hoe kan ons hierdie geloof prakties gaan leef. Hoe praat die Here in hierdie reeks preke met ons oor die wyse waarop ons kies om in hierdie hede te leef?



**Jesus se bergpredikasie**

Daar is baie ooreenkomste tussen Moses wat in Eksodus teen 'n Horeb opgegaan het om die Wet van God te ontvang en Jesus wat in Matteus 5-7 'n reeks preke op die berg Eremos lewer. In Deuteronomium 18:15-19 lees ons oor die verwagting van 'n profeet wat soos Moses sal kom om sy volk uit hulle omstandighede na 'n beloofde land te lei. Jesus kom doen egter die teenoorgestelde. Hy het mense na hulle omstandighede teruggestuur om met 'n ander gesindheid in hulle hede te leef. Op hierdie berg doen die Here nie wonderwerke nie. Die wonder van die Bergpredikasie is dat Jesus mense verander om in hulle hede 'n wêreldse verskil te maak.

Wie was die mense wat na Jesus in Kapernaum gestroom het? Waar het hulle vandaan gekom en wat was hulle verwagting? Lees Matteus 4:12-25.




....................................................

....................................................

....................................................

....................................................

....................................................

....................................................

....................................................

....................................................

Wat het die skare mense gehoor en gedink toe Jesus verkondig: Bekeer julle want die koninkryk van die hemel (koninkryk van God) het naby gekom? (Mat. 4:17). Hoe kom verander die Bergpredikasie ons tradisionele perspektief van bekering?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

**Kyk na die uitleg van Matteus 5-7. Wat staan daarin vir jou uit?**

**4:23–25 – The Announcement of the Kingdom and Healing**

**5:1–8:1 – TEACHING That Reveals Jesus Wisdom and Authority**

5:1–2 – Ascending the Mountain & Opening His Mouth

5:3–16 – Invitation to Ascend the Mountain of God

** Beatitudes (5:3–12)
** Salt (5:13)
** City on a Hill (5:14–16)

**5:17–48 – 6 Words (about the Law!!)**

**5:17–20 – Jesus Fulfills Law and Prophets**

1. Anger (5:21–26)
2. Lust (5:27–30)
3. Divorce (5:31–32)
4. Oaths (5:33–37)
5. Retaliation (5:38–42)
6. Love (5:43–48)

6:1–21 – Three Words about Worship with prayer at the center

6:1–4 – Giving
6:5–15 – Praying → **Lord's Prayer**
6:16–18 – Fasting

**6:19–7:12 – 6 Words (about the Prophets = social issues??) – Dale Allison**

- Exhortation: Earth and Heaven (6:19–21) – Two Temples?
- The Eye: Darkness and Light (6:22–23)
- Second Parable: God and Money (6:24)
  - ***The Father's Care (6:25–34)***
- Exhortation: Judge Wisely (7:1–2)
- The Eye: Log and Speck (7:3–5)
- Second Parable: The Pearl and Swine (7:6)
  - ***The Father's Care (7:7–11)***

**7:12 – Golden Rule Fulfills Law and Prophets**

7:13–27 – Exhortation to Walk in the Way

** The Narrow Way vs. the Broad Way (7:13–14)
** Good Fruit vs. Bad Fruit (7:15–20) → Final Judgment (7:21–23)
** Rock vs. Sand (7:24–27)

7:28–8:1 – Finished & Descending

Wat het al die mense wat van oral na Jesus toe gestroom het in gemeen gehad? Hulle was moeg, uitgeput, ontnugter, sonder hoop. Hulle het seerkry en swaarkry beleef en genesing (fisies en psigies) gesoek. Die meeste was deel van 'n middel en laer inkomste groep wat gesukkel het om te oorleef.

Lees 5:1-16. Watter indruk het die eerste woorde van Jesus se preek op hulle gemaak?

.........................................................................................................................
.........................................................................................................................
.........................................................................................................................
.........................................................................................................................

Aan die begin van die Bergpredikasie het Jesus die volgende duidelik gemaak:

- Die koninkryk van God (God se heerskappy) is in hierdie omstandighede waarin hulle leef (dit is naby en nie ver nie). Hierbinne vra God van hulle 'n omkeer in hoe hulle dink en optree. Bekeer julle! (Mat 4:17).
- Julle is geseën! (Mat. 5:3-12). Hulle lewens is in hierdie hede van groot waarde vir God en ander (Mat. 5:13-14).

Die grootste gedeelte van Jesus se prediking in Matteus 5-7 was gefokus op 'n her-oriëntering van gevestigde godsdienstige beginsels. Godsdienstige toewyding is gemeet aan die nakom van die Wet van Moses. Dit het uit 613 wette (*mitsvot*) bestaan wat duidelike riglyne gegee het hoe mense in hulle omstandighede moet leef Die skrifgeleerdes en Fariseërs het hierdie reeks wette streng en getrou nagevolg.

Wat het Jesus bedoel toe hy in Mat. 5:20 op die "meer" as die Wet klem gelê het?

> "Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseër nie, al julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie?".

.........................................................................................................................
.........................................................................................................................
.........................................................................................................................

"Julle het gehoor dat daar gesê is".

- Jy mag nie moord pleeg nie (Eks. 20:13 en Deut. 5:17) maar ...
- Jy mag nie egbreuk pleeg nie (Eks. 20:14) maar ...
- Jy mag nie 'n eed verbreek nie (Lev. 19:12) maar ...
- 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand (Eks. 21:24) maar ...
- Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand haat (Lev. 19:18) ...

Wat is die indruk wat hierdie gedeeltes op ons maak? Wat wil Jesus ons deur hierdie reeks preke kom leer?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................



Lees Matteus 7:12. In Matteus 5 (vers 17-18) maak Jesus dit baie duidelik dat hy nie gekom het om die wet en die profete ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.

Watter impak maak Matteus 7:12 op jou?

..............................................................................................
..............................................................................................
..............................................................................................
..............................................................................................
..............................................................................................

> Alles wat julle wil hê dat mense aan julle moét doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit in die wet en profete neerkom Matteus 7:12

Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen Mat. 7:12 en Mat. 22:34-40. Lees ook Joh. 13:34-35 en 1 Kor. 13:2.

**Laat U koninkryk kom. Laat U wil geskied**



Met watter gesindheid stuur Jesus die skare mense na sy preek terug huis toe? Hoe praat dit met ons oor die hede waarin ons vandag leef?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................


ONSE
VADER
wat woon
IN DIE HEMEL, GEHEILIG SY U NAAM
LAAT U RYK KOM, U WIL GESKIED
SOOS IN DIE
hemel SO OOK OP DIE
AARDE
GEE ONS VANDAG ONS
DAG SE BROOD
EN VERGEEF ONS
al ons skulde
NET SOOS ONS VERGEWE
DIÉ WAT TEEN ONS SONDIG
MAAR LAAT KOM ONS
nie in versoeking,
MAAR VERLOS ONS
VAN DIE BOSE
WANT U IS DIE RYK EN
DIE STERKTE EN DIE ERE
VIR EWIG EN EWIG
Amen